

# Doeltreffende Energieverbruik

Skyfie	Indeks
1	Inleiding
2 – 4	Doeltreffende energiebenutting:
2	Wat kan ons doen?
3	Huishoudelike toestelle
4	Transport
5	Passiewe sonkrag
6	Herbenut & herwin: Stop die verkwisting van energie
7	Slotsom: Wat nou?

## **Skyfie 2: Doeltreffende energiebenutting: Wat kan ons doen?**

### *Beligting in woonhuise:*

- ESKOM het 'n inisiatief geloods wat mense toelaat om ou gloeilampe in te ruil vir energiebesparende kompakte fluoresserende gloeilampe (CFL's).
- Tydens die vorige inisiatief in KZN het die nuwe gloeilampe soveel as 131 MW tydens spitsstye bespaar – genoeg elektrisiteit om sowat 81 875 gemiddelde huishoudings van krag te voorsien!
- Omdat dit 'n fluoresserende lamp is, bevat dit egter 'n klein hoeveelheid kwik, wat toksies is.
- Woolworths en Pick n Pay het spesiaal ontwerpte houers waar jy van jou ou, gebruikte CFL's ontslae kan raak.

### *Sonverhitting:*

- Eskom bied 'n afslag op sonkrag-waterverhittingsisteme.
- Deur sy sonkrag-afslagprogram bied Eskom huiseienaars 'n afslag van 15 tot 20 persent op die installeringskoste van sonkrag-waterverhittingsisteme.
- Huiseienaars kan nou tussen R1 860 en R4 900 bespaar op die koste van 'n sonverhittingsstelsel met 'n totale koste van R14 000 tot R33 000.
- Die sonkrag-afslagprogram is enersyds ontwikkel om te verseker dat verbruikers hul stelsel teen 'n afslagprys bekom, en andersyds om te verseker dat mense goeie gehalte verhittingsisteme koop.
- Danksy Eskom se sonkrag-afslagprogram kan verbruikers sonverhittingsisteme by goedgekeurde verskaffers koop en 'n gedeelte van die koste terugeis – 'n manier om die gebruik van hernubare energie te bevorder.

## **Skyfie 3: Doeltreffende energiebenutting: Huishoudelike toestelle**

- Meeste moderne toestelle, van motors tot ketels, is baie meer energiedoeltreffend as ouer toestelle.
- Huishoudelike toestelle soos yskaste, wasmasjiene en televisiestelle gebruik baie energie.
- Energiedoeltreffende toestelle word ontwerp om so min as moontlik energie te vermors.

- 'n Energiedoeltreffende yskas sal byvoorbeeld beter geïsoleer wees, baie minder geraas maak, geen ys aan die binnekant of kondensasie aan die buitekant hê nie, waarskynlik langer hou, en minder elektrisiteit gebruik.
- Energiedoeltreffende toestelle beteken dus in werklikheid: 'meer met minder'.

#### **Skyfie 4: Doeltreffende energiebenutting: Transport**

- Suid Afrika vervaardig sy eerste elektriese motor, die Joule.
- Weens finansiële redes is die ontwikkeling daarvan op kommersiële skaal gestaak.
- Dit is beter om van openbare vervoer gebruik te maak om by die werk te kom, nl. bus of trein.
- Indien moontlik is fietsry of stap nog beter.
- Een van die skoonste en mees energiedoeltreffende motorkarre wat vandag gemaak word, is die Toyota Prius.
- Hierdie hibriede motor het 'n battery-aangedrewe elektriese motor sowel as 'n petrolenjinn.
- Teen lae snelhede word hy deur die elektriese motor aangedryf.
- Teen hoër snelhede neem die petrolenjinn oor en word die battery herlaai.
- Lae brandstofverbruik.
- Lae CO<sub>2</sub> vrystelling.

#### **Skyfie 5: Passiewe sonkrag**

- Hierdie energie word gebruik vir die verhitting van geboue in die winter, en lugverkoeling in die somer.
- Geboue kan ontwerp word om in die winter energie binne te hou, en in die somer hitte buite te hou.
- Isolاسie kan help om 'n huis se temperatuur te reguleer.
- 'n Goed geïsoleerde huis sal in die winter warmer en in die somer koeler wees en 'n gesonder leefomgewing skep.

#### **Skyfie 6: Herbenut & herwin: Stop die verkwisting van energie**

- Alles wat ons gebruik, moes iewers vervaardig word.
- Groot hoeveelhede energie word tydens hierdie vervaardigingsprosesse gebruik.
- As ons goed ná gebruik weggooi, word al daardie energie vermors.
- Ons kan energie bespaar deur goed te herbenut en te herwin.

#### **Skyfie 7: Slotsom: Wat nou?**

- 'Die wêreld sal nie die huidige krisistoestand te bowe kan kom as ons dieselfde denkpatrone handhaaf wat in die eerste plek vir die toestand verantwoordelik was nie.'  
*Albert Einstein*
- Ons moet begin beplan om eerder hernubare energiebronne te gebruik.